**AFDELING C**

**SAMEVATTENDE BEVINDINGS, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS**

## 1. INLEIDING

Hierdie afdeling bevat die belangrikste bevindings en gevolgtrekkings vanuit die ondersoek. Die doel, sowel as die sentrale teoretiese aanname word getoets en aanbevelings gedoen, die bydrae tot die ondersoek word bespreek en die afdeling word afgesluit met 'n opsomming.

## 2. SAMEVATTENDE BEVINDINGS EN GEVOLGTREKKING

Die bevindings en gevolgtrekking is gegrond op die navorsingsontwerp en -prosedures, sowel as die twee artikels soos vervat in Afdeling B van die navorsingsverslag:

### 2.1 Navorsingsontwerp en -prosedures

Die oorhoofse doel van die navorsing was om die aard en inhoud van die REds-bemagtigingsprogram te omskryf, waarna gekyk is na die uitwerking van die MIV- en VIGS-pandemie op lewensoriëntering-onderwysers vanuit Evaton, in die Vaaldriehoek, Gauteng. Dié onderwysers is toegerus met die nodige kennis en vaardighede om die uitwerking van die MIV- en VIGS-pandemie beter te hanteer deur middel van die REds-bemagtigingsprogram. Om die bogenoemde oorhoofse doel te bereik, is die sterkte benadering gevolg. Daar is ook 'n literatuurstudie en empiriese ondersoek gedoen:

#### 2.1.1 Literatuurstudie

'n Verskeidenheid van bronne wat verband hou met die spesifieke onderwerp, is bestudeer. Dit sluit in vakkundige bronne, byvoorbeeld, wetenskaplike artikels, persberigte, navorsingsbronne, vaktydskrifte en Internet artikels. 'n Literatuurstudie is onderneem om 'n geheelbeeld te kry van die aard van die spesifieke onderwerp.

Daar is baie inligting beskikbaar oor die MIV- en VIGS-pandemie en veral inligting vir persone geïnfekteer deur die MI-virus. Daar is egter min literatuur beskikbaar oor die invloed van die MIV- en VIGS-pandemie op onderwysers.

### 2.1.2 Empiriese ondersoek

Die evalueringsnavorsingsmodel is benut, aangesien die REds-bemagtigingsprogram ’n reeds bestaande program is, wat geëvalueer word op grond van die doeltreffendheid van die program en om moontlike verbeteringe ten opsigte van die program te bepaal. Beide die verkennende en beskrywende navorsingsontwerp is benut. Die empiriese ondersoek het gebruik gemaak van beide die kwalitatiewe- en kwantitatiewe navorsingsparadigma betreffende die insameling van inligting. Die strategie wat vanuit die gemengde benadering gevolg is, is die gelyktydige getrianguleerde strategie aangesien beide kwantitatiewe– en kwalitatiewe data ingevorder is en terselfdertyd vergelyk is. Nadat die data vergelyk is kon die navorser bepaal of daar ‘n verskil, vergelyking of ’n kombinasie in die data voorgekom het.

Die volgende meetinstrumente is benut , en is op beide ’n voor-en na-toets basis toegepas.

❖ Voor-toets

Die ProQOL-vraelys (Stamm, 2005) wat deur die respondente voltooi is voor die aanvang van die groepbyeenkomste om die respondente se werksbevrediging en werksomstandighede te bepaal is as kwantitatiewe meetinstrument benut. Onvoltooide sinne wat deur die respondente voltooi is, voor die aanvang van die groepbyeenkomste, om die respondente se toekomsverwagtinge te bepaal, is as kwalitatiewe meetinstrument benut.

Tekeninge wat deur die respondente voltooi is, voor die aanvang van die groepbyeenkomste, om die effek van die MIV- en VIGS-pandemie op elke respondent se lewe te bepaal, is ook as kwalitatiewe meetinstrument benut. ’n Gestruktureerde individuele onderhoudskedule met elke respondent, voor die aanvang van die groepbyeenkomste, om hul ervaring ten opsigte van die effek van die MIV- en VIGS-pandemie op hul dienslewering te bepaal, is ook as kwalitatiewe meetinstrument benut.

❖ Na-toets

Die ProQOL-vraelys (Stamm, 2005) wat na afloop van die groepbyeenkomste deur die respondente ingevul is om hul werksbevrediging en werksomstandighede te

bepaal, is as kwantitatiewe meetinstrument benut. Onvoltooide sinne wat na afloop van die groepbyeenkomste deur die respondente ingevul is om die respondente se toekomsverwagtinge te bepaal, is as kwalitatiewe meetinstrument benut.

Tekeninge wat na afloop van die groepbyeenkomste deur die respondente voltooi is, om die uitwerking van die MIV- en VIGS-pandemie op elke respondent se lewe te bepaal, is as kwalitatiewe meetinstrument benut. Refleksiestate wat na afloop van elke groepbyeenkoms deur elke respondent ingevul is, om te bepaal of die respondente enige baat gevind het by die groepbyeenkoms en wat hulle sou verander rakende die groepbyeenkoms, is as kwalitatiewe meetinstrument benut.

Die evaluering van die assistent-terapeut se notas wat tydens elke groepbyeenkoms geneem is, is ook as kwalitatiewe meetinstrument benut. Opvolg onderhoudvoering met respondente ongeveer 2 tot 3 maande na afloop van die REds-bemagtigingsprogram is ook gedoen.

Na afloop van die groepbyeenkomste is onderhoude in verband met die Reds-bemagtigingsprogram met die skoolhoof en ’n onderwyser gedoen.

’n Doelgerigte steekproef is benut waar die navorser self skole geïdentifiseer het. Esokwazi Secondary School vanuit Evaton, in die Vaaldriehoek, Gauteng, is geïdentifiseer, waarvan 15 lewensoriëntering-onderwysers oorspronklik by die navorsing betrek is. Esokwazi Secondary School is geïdentifiseer, aangesien die navorser bekend was met die skool, die meeste onderwysers in die skool die vak lewensoriëntering aanbied en die meeste onderwysers van die skool versoek het om aan die navorsing deel te neem. Slegs 11 deelnemers het die program enduit meegemaak.

Etiese aspekte, soos ingeligte toestemming, handhawing van vertroulikheid, etiese besluitneming en herstel van respondente was deurlopend van toepassing op hierdie ondersoek. Kwantitatiewe data is verwerk deur die Statistiese Konsultasiediens van die Noordwes-Universiteit. Kwalitatiewe data is self deur die navorser verwerk.

Die spesifieke doelstellings van die studie sluit die volgende in:

- ❖ Die aard en inhoud van die REds-bemagtigingsprogram, en
- ❖ Evaluasie van die REds-bemagtigingsprogram.

## 2.2 Die aard en inhoud van die REds-bemagtigingsprogram

In Artikel 1 is die aard en die inhoud van die REds-bemagtigingsprogram bespreek. ’n Groepwerkprogram, bestaande uit 9 modules, is aangebied en tydens groepbyeenkomste bespreek. Vyftien lewensoriëntering-onderwysers het aan die program deelgeneem. Die program het ondersteuning ten opsigte van die MIV- en VIGS-pandemie behels. Daar is gefokus op die sterkte-benadering wat deel gevorm het van die program.

Die aard van die REds-bemagtigingsprogram is bespreek aan die hand van:

- ’n Definisie van groepwerk,
- Verskillende fases van groepwerk,
- Klassifisering van groepe, en
- Die voor- en nadele van groepe.

Die inhoud van die REds-bemagtigingsprogram is bespreek aan die hand van ’n uiteensetting van die 9 modules waaronder die volgende bespreek is:

- Doel van die module,
- Inhoud van die module, en
- Hulpmiddels wat tydens die bepaalde module benut is.

Vanuit die bespreking van die aard en inhoud van hierdie program is dit duidelik dat die REds-bemagtigingsprogram daarop fokus om lewensoriëntering-onderwysers te bemagtig teen die MIV- en VIGS-pandemie en onderwysers in staat stel om die MIV- en VIGS-pandemie effektief te hanteer in hul daaglikse lewensomstandighede.

## 2.3 Die effektiwiteit van die REds-bemagtigingsprogram

In Artikel 2 is die resultate soos deur die REds-bemagtigingsprogram verkry, weergegee en ook geëvalueer.

Die volgende meetinstrumente is benut:

- Voor-toets

Die ProQOL-vraelys (Stamm, 2005) wat deur die respondente voltooi is voor die aanvang van die groepbyeenkomste, om die respondente se werksbevrediging en werksomstandighede te bepaal is as kwantitatiewe meetinstrument benut. Onvoltooide sinne wat deur die respondente voltooi is, voor die aanvang van die groepbyeenkomste, om die respondente se toekomsverwagtinge te bepaal, is as kwalitatiewe meetinstrument benut.

Tekeninge wat deur die respondente voltooi is, voor die aanvang van die groepbyeenkomste, om die effek van die MIV- en VIGS-pandemie op elke respondent se lewe te bepaal, is as kwalitatiewe meetinstrument benut. ’n Gestruktureerde individuele onderhoudskedule met elke respondent, voor die aanvang van die groepbyeenkomste, om hul ervaring ten opsigte van die effek van die MIV- en VIGS-pandemie op hul dienslewering te bepaal, is ook as kwalitatiewe meetinstrument benut.

- Na-toets

Die ProQOL-vraelys (Stamm, 2005) wat na afloop van die groepbyeenkomste deur die respondente ingevul is om hul werksbevrediging en werksomstandighede te bepaal, is as kwantitatiewe meetinstrument benut. Onvoltooide sinne wat na afloop van die groepbyeenkomste deur die respondente ingevul is om die respondente se toekomsverwagtinge te bepaal, is as kwalitatiewe meetinstrument benut.

Tekeninge wat na afloop van die groepbyeenkomste deur die respondente voltooi is, om die uitwerking van die MIV- en VIGS-pandemie op elke respondent se lewe te bepaal, is as kwalitatiewe meetinstrument benut. Refleksiestate wat na afloop van elke groepbyeenkoms deur elke respondent ingevul is, om te bepaal of die respondente enige baat gevind het by die groepbyeenkoms en wat hulle sou verander rakende die groepbyeenkoms, is as kwalitatiewe meetinstrument benut.

Die evaluering van die assistent-terapeut se notas wat tydens elke groepbyeenkoms geneem is, is ook as kwalitatiewe meetinstrument benut. Opvolg onderhoudvoering met respondente ongeveer 2 tot 3 maande na afloop van die REds-bemagtigingsprogram.

Respondente het aangedui dat opvolg onderhoudvoering na afloop van die REds-bemagtigingsprogram nie nodig is nie. Dit is duidelik dat alle respondente baat gevind het by die program. Hulle het genoegsame inligting verkry oor die MIV- en VIGS-pandemie en is bemagtig om veerkragtigheid te openbaar ten opsigte van die pandemie. Respondente het op ’n persoonlike, sowel as ’n professionele vlak by die program baat gevind. Dit is dus duidelik dat die REds-bemagtigingsprogram ’n baie effektiewe program is waarby lewensoriëntering-onderwysers kan baat vind.

## 3. TOETSING VAN DIE DOEL EN DOELWITTE

Die basis van die navorsing was as volg:

**Oorhoofse doel**

Die oorhoofse doel van die navorsing was om die aard en inhoud van die REds-bemagtigingsprogram te omskryf, waarna gekyk is na die uitwerking van die MIV- en VIGS-pandemie op lewensoriëntering-onderwysers vanuit Evaton, in die Vaaldriehoek, Gauteng, en hulle toe te rus met die nodige kennis en vaardighede om die uitwerking van die MIV- en VIGS-pandemie beter te hanteer deur middel van die REds-bemagtigingsprogram.

**Doelwitte**

Die spesifieke doelwitte van die studie was:

- Om die aard en inhoud van die REds-bemagtigingsprogram te bespreek, en
- Om die REds-bemagtigingsprogram te evalueer.

Die doelstellings is getoets aan die hand van die twee artikels soos vervat in Afdeling B. Vanuit die resultate is dit duidelik dat die oorhoofse doel en doelstellings van die navorsing bereik is. Die aard en inhoud van die REds-bemagtigingsprogram is bespreek en die program is ook geëvalueer.

## 4. TOETSING VAN DIE SENTRALE TEORETIESE AANNAME

Die navorsing is onderneem ten opsigte van die volgende sentrale teoretiese aanname:

Die REds-bemagtigingsprogram rus lewensoriëntering-onderwysers toe met kennis en vaardighede in die daaglikse hantering van die MIV- en VIGS-pandemie.

Vanuit die resultate verkry en bespreek is dit duidelik dat die bogenoemde sentrale teoretiese aanname wel korrek is.

## 5. AANBEVELINGS

Die volgende aanbevelings kan gemaak word ten opsigte van die REds-bemagtigingsprogram:

- Effektiewe beplanning ten opsigte van groepbyeenkomste is belangrik, aangesien lewensoriëntering-onderwysers uiters besige werkprogramme het en hul tyd beperk is.
- Effektiewe beplanning ten opsigte van die lokaal wat benut word, aangesien lewensoriëntering-onderwysers dikwels nie na ander lokale kan ry nie en lokale by skole ook beperk is as gevolg van buitemuurse aktiwiteite.
- Betrek alle onderwysers by ’n bepaalde skool by die groepbyeenkomste en verseker dat alle respondente die belangrikheid van aktiewe deelname verstaan.
- Die program moet verkieslik deur ’n maatskaplike werker aangebied word, aangesien hul reeds spesifieke opleiding ontvang het ten opsigte van groepwerk.
- Maak seker dat daar van soveel moontlik hulpbronne gebruik gemaak word en beperk die gebruik en lees uit die handleiding.
- Sluit meer inligting in oor hoe om siek persone te versorg.
- Hou meer groepbesprekings ten opsigte van die verskillende temas wat bespreek word, in plaas van suiwer lesings.
- Maak gebruik van spesialis sprekers.
- Verskaf snoepgoed of iets te drinke aan groeplede tydens groepbyeenkomste.
- Sluit meer praktiese voorbeelde of gevallestudies in wat deur respondente onthou sal word.
- Die program behoort by alle skole aan alle onderwysers, nie slegs lewensoriëntering-onderwysers nie, aangebied te word.

## 6. SLOTSOM

Dit is duidelik dat die REds-bemagtigingsprogram ’n baie effektiewe program is waarby lewensoriëntering-onderwysers baat vind. Die groepwerkprogram is vir 15 lewensoriëntering-onderwysers van Esokwazi Secondary School vanuit Evaton, in die Vaaldriehoek, Gauteng, aangebied. Elf deelnemers het die program enduit meegemaak.

Die navorsing is vanaf Mei 2008 tot 10 Oktober 2008 uitgevoer.

Onderwysers lewer ’n uitsonderlike diens aan kinders en maak voorsiening vir die vorming van toekomstige leiers. Hulle hanteer daagliks die probleme van kinders en behoort die nodige ondersteuning te verkry om hul belangrike (primêre) taak voort te sit, wat eintlik fokus op die onderrig van hul vak is.

## BIBLIOGRAFIE

STAMM, B.H. 2005a. The ProQOL Manual. Lutherville: Sidran Press, p.5.